# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | April 1997 | Vol. 27

# DIE REG IS 'N SAAK VAN GOD

God is die Regter van die hemel en die aarde (Gen 18:25 en 2 Tim 4:8). As Regter oordeel Hy nie net regverdig nie, maar bepaal ook wat reg is. Die reg, alle reg, behoort dus aan God. Maar die reg en regspraak in Suid-Afrika is losgemaak van die Regter. Die reg is aan die mens verbind asof die mens seggenskap het oor wat reg en wat verkeerd is. Deur die reg aan die mens te bind, het die reg al meer onreg geword. Die mens was van alle eeue dwaas in sy eie oorlegginge. Vandag in ons land gaan dit nie anders nie, die volke wil as hulle eie regters optree en daarmee vermoei die volke van Suid-Afrika God (Mal 2:17).

Met die aanvaarding van die menseregte-grondwet het Suid-Afrika die navolger van Amerika geword. Daar is "kerk en staat" van mekaar geskei. Dit beteken dat enige optrede in die howe en regbank deur 'n sogenaamde objektiewe maatstaf - die mens se reg - beoordeel word. Effektief beteken dit egter dat enige verwysing na iets anders as maatstaf - soos die Skrif - as subjektief en onaanvaarbaar afgewys word. Hierdie dwaling moet duidelik uitgewys en heftig bestry word.

## Hoogste gesag

Onder leiding van die minister van justisie, Dullah Omar, word die regstelsel in ons land ingrypend verander. Onlangs moes alle amptenare van die departement, soos landroste en regters, 'n verklaring aflê dat hulle die grondwet as die hoogste gesag in Suid-Afrika beskou en sal handhaaf. Wanneer 'n mens geloof en praktyk, kerk en staat, leer en lewe, belydenis en beleid netjies van mekaar losmaak, word gepoog om die reg uit God se hand te gryp. Wanneer daar oor enige saak reg gespreek moet word, het die landsregters hulle tans soos een man verbind om die grondwet as rigsnoer te gebruik. Daarmee spreek hulle hulle onreg voor God uit. Hoeveel gelowige landdroste het geweet wat hulle met daardie verklaring aangevang het?

## Alle mag Christus s'n

Maar as mens die Woord van God ernstig opneem, kan daar nie met hierdie verklaring saamgegaan word nie. Alle gesag behoort, reëel en effektief, aan Christus. Hy dra nooit sy gesag aan iemand oor nie. Met sy hemelvaart stel Jesus Christus dit ondubbelsinnig: "Aan my is gegee ALLE mag, in die hemel en op aarde" (Mat 28:18). Dit sluit ook die howe en die regbank in Suid-Afrika in. Hierdie eed wat afgeneem is, stem nie met die waarheid ooreen nie. Alle mag behoort aan Christus. Hy, as die Woord van God, is die hoogste gesag op aarde - nie die nuwe grondwet nie. As Christus se allesomvattende gesag nie meer erken word nie, het enige ander gesagsaanspraak afgodies geword.

Om dit met 'n voorbeeld duidelik te maak: Die grondwet bepaal dat 'n moeder haar eie ongebore kind kan vermoor SONDER om eens haar eggenoot daarvan in kennis te stel. Hierin maak die grondwet nie alleen voorsiening dat moord nie gestraf word nie, maar dit verwoes ook gesinne en huwelike aangesien die hoof van 'n huwelik, die man, se amp ondermyn word in weerwil van Christus se gesag oor die huwelik. Gereformeerdes mag nie toelaat dat die dwaling van 'n skeiding in genade en natuur in die regbank voortgesit word nie - daar sit in die toekoms geen heil in die huidige grondwet nie, aangesien dit Christus se eer afkraak en sy gesag wil ondermyn. En Christus gaan Hom in ons leeftyd oor hierdie duiwelse dwaling wreek.

## Saak van God

Die grondwet fouteer ten diepste daarin dat nie erken word dat die reg 'n saak van God is nie (Deut 16:18-22, Lev 19:15). Misdaad is nie ten eerste om teen 'n "mens se reg" te oortree nie, maar is om teen God se reg te oortree. God se reg is direk aan sy bestaan gekoppel, daarom sê God: "Ek IS die HERE, jou God, jy mag nie ..." Om God se reg te skend, is presies dieselfde as om sy bestaan te ontken. Die nuwe grondwet probeer die bestaan van God inperk tot die innerlike

### *In hierdie uitgawe:*


★ DIE REG IS 'N SAAK VAN GOD
A.L.A. Buys ........ 1

★ Skrifoordenking:
Bly in die Woord
Ds. G.J. Kruger ........ 4

★ Geestelike bedreiging van die Calvinisme
Prof. S.A. Strauss ........ 5

★ 21 Woorde te veel?
Prof. M. Kuiper, Nederland ........ 8

★ Die Ware en Valse Kerk in een?
Ds. E. Viljoen ........ 11

geloofsoortuigings van mense. Asof Hy net daar bestaan! Die reg van God geld vir alle mense - Hy is immers hulle Skepper-God. God het die mens tien gebooie gegee, nie net ses nie. Al sou jy teen jou naaste oortree, bly dit 'n sonde teen God - so is egskeiding 'n gruwel voor God. Die Here is nie 'n God wat in die kerk en kerkgeboue opgesluit kan word nie. God se reg reël die hele menslike lewe. Alle mense is in alles verantwoordbaar voor God se reg. Die grondwet erken eenvoudig nie dat God se reg geld vir die hele menslike lewe nie, en daardeur ontken hy God as Regter van die aarde, en ve so verwerp die menseregte ook die finale oordeel van God. Die nuwe grondwet stel die bevolking bloot aan die wraak van God as gevolg van hierdie stompsinnigheid.

Die hele Skrif is vol daarvan dat God enige regsverdraaiing as 'n gruwel beskou. Verydeling van die reg is nie om die grondwet te oortree nie, maar om die grondwet te erken as die reg. Calviniste moet dit kragdadig stel dat die huidige grondwet wederregtelik en onwettig is. Nie omdat dit deur 'n nasionalistiese minderheid nie aanvaar word nie, nie omdat die meeste mense demokraties daarmee instem nie, maar omdat die grondwet nie die reg as komende van God erken nie. Die grondwet stel dat die reg opspruit uit die mens se hartsbegeerte na ongebreidelde gelykheid, soveel so dat selfs dinge wat Christus uitdruklik verbied, soos afgodery, vasgeskryf word as 'n onvervreembare reg: dit is om God se reg te verdraai.

## Geen veilige hawe

Die Calvinis se grootse vyand tans is die grondwet se aanhangers. Die gereformeerdes wat dink dat die grondwet 'n veilige hawe bied vir die uitbreiding van Christus se kerk, misreken hulle totaal en al. Die grondwet gaan nie beskerming van die gereformeerde leer waarborg soos dit beloof om te doen nie, maar juis vervolging bring. Vervolging omdat die egte Calvinis bely dat daar maar een ononderhandebare reg is - die Here s'n. Christus se enkelduidige gesag moet in alles geld - en dit vind die grondwetters 'n doodsonde.

## Meerderheid soms verkeerd

Die Marxiste maak groot gewag daarvan dat die grondwet demokraties is en dit bevorder. Hulle is baie trots op hulle grondwet. Tog waarsku die Here dat jy nie die meerderheid in verkeerde sake moet volg nie (Eks 23:2). Op talle plekke kan aangetoon word dat die grondwet Christus se gesag weerspreek. Al sê al die mense in Suid-Afrika 'n saak is reg, as Christus anders sê, is die meerderheid verkeerd. God se reg tel nie koppe nie.

Die grondwet verdraai die reg op twee verdere punte, naamlik oor vergelding en vergoeding.

## Regspreek is 'n amp

God is baie duidelik dat die regters van 'n volk in 'n amp staan en aan God verantwoordelik is. Net soos mens owerheidspersone kan kry, selfs heidene wat nog steeds diensknegste van God is en aan Hom verantwoording verskuldig is (Rom 13), net so is 'n regter 'n dienaar van God (vgl. Ps 82, veral vers 6). Regspraak het met 'n amp voor God die Heilige Gees te doen. Geluk is geleë in ampsvervulling onder leiding van die Heilige Gees. Slegs deur Christus as die Koning wat reg spreek te erken, sal Suid-Afrika op die pad van geluk(saligheid) kom. Dit is die Calivinis se taak om hierdie pad aan te wys en dit dwarsdeur versperring oop te kap.

Om byvoorbeeld 'n landdros te wees, is nie 'n beroep nie, dis primêr 'n roeping van God. Maar in hierdie amp kan die ampsdraer gehoorsaam wees, maar ook sy amp versaak met verskriklike gevolge vir dié oor wie God bepaal het dat hy moet regspreek.'n Amp moet onderhoriges beskut en bewaar. Seën vloei van God as die amptenaar sy amp voor God nakom en reg spreek, maar vervloeking volg - op die onderdane - as die amptenaar die reg verdraai.

## Oorgegee aan sonde

Dit is presies wat in Suid-Afrika gebeur. Elke hofuitspraak waar Christus se gesag nie gehoorsaam word nie, elke regsaak wat nie op grond van God se Woord besleg word nie, is 'n gruwel in God se oë. Dit was sekerlik vir die vorige regstelsel waar, en veral vir die huidige grondwet. Die nuwe menseregte-grondwet roep die vervloeking van God op die land af, aangesien die ware reg verdag gemaak word, en wat verkeerd is, word as reg gehandhaaf. Dit is reeds straf dat ons voortgaan met die handhawing van hierdie onregverdige grondwet (vgl Rom 1:28-32). So sê God in Ps 81:13 "Toe het Ek hulle oorgegee aan die verhardheid van hulle hart, dat hulle in hul eie planne kon wandel."

Die regters word self deur God "gode" genoem, om aan te dui hoe 'n groot saak regspraak in God se oë is. Regspraak gaan in wese oor God se eer en enige onreg tas God se heiligheid aan. Geen land kan God se heiligheid aantas en dink ons gaan ongeskonde daarvan afkom nie. Die kerk moet hier die trompet blaas om God se oordele rondom ons raak te sien.

## Vergelding

Die nuwe grondwet maak nie voorsiening vir vergelding nie. Dit is baie duidelik dat God verwag dat euwels uitgeroei moet word. Tans is daar so 'n groot verwarring dat van "die staat" verwag word om die hele samelewing se reg te handhaaf en om alle kwaad uit te roei. Dit is 'n verdere dwaling. Die vergelding van sonde in 'n huisgesin waar 'n seun teen sy vader oortree, is anders as die vergelding waar 'n moordenaar onder die mense uitgeroei moet word. God maak ook voorsiening dat daar 'n hiërargie is van regspraak. Nie alle reg kan in howe beslis word nie. Die reg van Christus oor sy kerk is dieselfde as sy reg oor 'n staat, maar sy ampsbediening verskil. Hy het verskillende amptanare in verskillende lewensverbande aangestel. In die huisgesin het die vader die plig tot regspraak in sy huis, in die kerk as verband moet die ouderlinge die reg handhaaf. God het ook regters aangestel, soos landdroste om die reg in samelewing te handhaaf. Die skool se regspraak word deur die hoof gehanteer; dit is dus totaal onvanpas dat 'n landdros uitspraak moet gee of 'n kind in die

skool lyfstraf mag kry of nie - dit is nie die landdros se ampstaak nie.

## Uitroei

Vergelding is waar God verwag dat die sonde uitgeroei moet word. Hierdie vergelding maak voorsiening vir die toediening van strawwe en die voltrekking daarvan, as erkenning van God se eer en om ligsinniges af te skrik om teen Hom te oortree. Vergelding het ten doel om God se genade ten toon te stel. Dit is egter 'n dwaling in die (post)-moderne samelewing dat die' regbank verantwoordelik is vir die reg in die ganse samelewing. Dit is onwaar. Die "almagtige" staat se vlerke moet in hierdie opsig geknip word. Dit is ironies dat die liberaliste wat so hoog opgee oor staatabsolutisme as euwel, juis deurdat hulle 'n regstaat bepleit, hierdie dwaling bevorder.

Sonder vergelding kan daar nie regspraak wees nie. Regspraak sonder vergelding is regskrenking. Elke oortreding roep om vergelding. Vergelding is egter 'n ampsuitoefening wat in verskillende samelewingsverbande verskil. Nie alle sondes word net teen die medemens begaan nie. Die grondwet maak nie voorsiening vir vergelding van sonde teen God, soos afgodery, nie.

## Ou Testament

Daar word deesdae baie gesê dat die Ou Testament se wet van 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, barbaars en oudmodies is. So asof God in die Ou Testament niks vir die huidige samelewing te sê het nie. Die Ou Testament getuig van God se heiligheid - iets wat die postmodernis nie kan spel om sy lewe te red nie. Ons moet bely dat die wette van die Ou Testament hulle vervulling in Christus gehad het. God is ewig heilig - ook te midde van Suid- Afika se onheilighede. Dit beteken nie dat ons dieselfde vergelding as in die Ou Testament moet toepas nie, maar God maak duidelik dat Christus, ook as opgestane Koning, nog steeds vergelding as deel van sy heilige reg beskou. Ampsmatige vergelding sal daar altyd wees, as dit nie nou deur die regters wat aan Christus verantwoording moet gee, gedoen word nie, dan sal Jesus, die Gesalfde, dit by die wederkoms voltrek. Die verskil is net dit: as daar nie nou vergelding kom nie, wreek God hom op die regskending deur die oortreding op die onderdane te wreek.

## Doodstraf

'n Duidelike voorbeeld is die doodstraf. Die owerheidspersone handhaaf nie God se reg om moordenaars se lewe hulle te ontneem as vergelding nie, dit is ampsontrouheid van die owerheid. Die grofste moordenaar kan deesdae maar net vir 'n dekade opgesluit word (met 'n gebalanseerde dieet en vry medies.) God wreek daardie ampsontduiking deurdat die moorde en geweldadige oortredings toeneem. Watter klad op ons land dat ons toelaat dat veroordeelde moordenaars vry tussen ons rondloop om in baie gevalle maar net weer te moor weer te moor. Die misdaad in Suid-Afrika is nie 'n probleem wat net die polisie moet oplos nie. Die hoofregters moes nie toestemming gegee het dat die doodstarf afgeskaf word nie. Omdat hulle daar God se reg misken het en sy vergeldingsopdrag verwerp het, lei die land daaronder. Die land bloei en ween en sug omdat die regters hulle amp versaak.

## Tronke onbybels ?

Deel van vergelding, waar medemense te na gekom is, is ten tweede vergoeding. Dit is om hierdie rede dat tronke, soos dit vandag in Suid-Afrika bedryf word, dalk 'n totaal buite-Bybelse praktyk is. Tans word die slagoffers (en nie die oortreders nie) dubbel gestraf. As 'n wetsonderhoudende burger byvoorbeeld besteel word, verloor hy sy besittings EN hy moet belasting betaal om die oortreder in 'n tronk aan te hou. Hierdie betaling van belasting vir tronke is nie verantwoordbaar met die Bybelse begrip van vergelding en vergoeding nie. In die Ou Testament, as iemand besteel is, moes die dief die persoon twee of drie keer die waarde van die gesteelde goedere vergoed. Tans gebeur die teenoorgestelde by ons. Die slagoffer verloor nie net sy besitting nie, hy moet ook betaal vir die oortreder se sonde deur sy sogenaamde vergelding uit sy sak te verhaal. Dit is 'n vraag of tronkstraf in alle gevalle as vergelding beskou kan word. Waar is die vergoeding aan die slagoffer ?

## Profetiese roeping

Ons as Calvinste moet dit duidelik stel dat die reg 'n saak van God is. Altyd. Ons moet bly aandring daarop dat die regters hulle verantwoordelikheid voor God moet verstaan en reg moet spreek volgens God se Woord. Baie sal vra watter nut het dit om so oor die reg te praat terwyl ons dalk nie die mag het om dit af te dwing nie. Ons moet egter onthou dat ons nog ons profetiese amp het waar ons moet getuig teen hierdie onreg wat ons sien. As ons dit nie doen nie, versaak ons ons amp, as profete, en dan kom die wraak van God ook oor ons en ons kinders vanweë ons stilswye. Al tref die geweldsgolf tans ook die kerke, moet ons ons troos dat ons die ampsversaking uitwys en die regte rigting aantoon. Dit skryf God op in 'n gedenkboek (Mal 3:16) en ook vir hierdie gehoorsaamheid sal God ons met sy seën tegemoet kom - al is dit na die graf voor sy regterstoel, want tot daar bly die reg 'n saak van God. Reformasie van die reg in Suid Afrika kan nie meer uitgestel word nie. Grondige studie hieroor bly gebiedend noodsaaklik. Moet ons wag tot die klippe God se reg uitskree voordat ons die reg reformeer? Hoe lank moet ons nog ly onder ampsversaking voordat ons regmatig gaan begin profeteer ?

**A.L.A. Buys.**

★★★★★

SKRIFOORDENKING

# Bly in die Woord

## 2 Tim 3:14-15: *"Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus."*

In Tim 3 hoor ons duidelik die voetstappe van Jesus Christus al nader kom. Ons leef in die swaar tye wat sal kom soos Paulus in die eerste vers sê. Kyk maar wat in die wêreld aangaan - in een woord: humanisme. Die mens staan in die middelpunt met wat hy sê.

### Suiwerheid

In die tyd van afval, deformasie, van dwaalleer kom die Woord van die Here vandag skerp tot ons en beveel die Here ons om te bly in die gesonde leer van sy Woord. Paulus se brief aan Timoteus is 'n aangrypende brief. Paulus is alreeds 'n ou man en hy sit in die tronk in Rome. Sy dood is naby. Die mediese dokter Lukas is by hom en hy verlig die pyn van die wonde en die siekte. "Ek het die wenstreep bereik..." sê Paulus.

Timoteus is die herder en leraar in Efese, jonk en onervare. Hy en Paulus het in Efese saamgewerk en Paulus het hom in Efese agtergelaat. Nadat Paulus gewaarsku het teen die nuttelose geklets en twisgesprekke, laat hy ons 'n baie ernstiger toon hoor. Timotheus en die gemeentes in Efese moet hulle voorberei vir 'n brutale, wettelose en goddelose lewensopenbaring. Die suiwere leer van God se Woord sal verwerp word. Timotheus het nie 'n maklike taak nie, dit gaan nie meer net om die goddelose mensdom in die algeneem nie.

Daar is mense in die gemeente in Efese wat dieselfde onheilige praktyke beoefen as die heidene -"mense wat die gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën". Met ander woorde mense wat 'n skynheilige voorgee-lewe ly. Hulle gee voor dat hulle ware kerk is, maar uit hulle leer blyk dit dat hulle vals is.

Paulus waarsku: "Keer jou ook van hierdie mense af". Moet niks met hulle te doen hê nie. In Matteus 18:17 sê die Here Jesus dat as die sondaar na jou en die gemeente nie wil luister nie, laat hom wees soos die heiden en die tollenaar. Harde woorde, maar hoeveel harder sou dit nie gewees het as die waarheid verswyg moes word nie.

Nou roep Paulus vir Timotheus op om standvastig te bly en die suiwere leer te bewaar teen die dwaalleraars."Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is. "Die saak van die suiwer leer, die saak van die Here staan op die voorgrond. Timotheus moes weet, die gemeente in Efese moes weet - daar is niks so verwoestend vir die kerk van die Here as die dwaalleer nie ! Daar is geen kompromis, geen konsesnus tussen die waarheid en die leuen nie. Timotheus moes nie saam met die stroom gaan nie.

### Opvoeding

Waarom moet Timotheus bly in wat hy geleer het en wat hy vas glo? Daar is twee redes: Eerstens omdat hy weet van wie hy dit geleer het. Van kleins af is hy opgevoed in die vrese van die Here deur sy moeder Eunice en sy ouma Loïs. Hy het ook baie geleer by sy geestelike vader, Paulus. Timotheus weet alles wat Paulus leer, sy lewenswandel, sy geloof, sy liefde, maar ook van sy vervolginge en sy lyding ter wille van die evangelie van Jesus Christus.

Paulus roep uit: "Watter vervolginge het ek nie al verdra nie! En die Here het my uit almal verlos". Timotheus moet weet uit wat hy geleer het - almal wat godvrugtig wil lewe in Jesus Christus moet weet - hulle sal ook vervolg word.

### Ken die Skrifte

Tweedens moes Timotheus bly in wat hy geleer het omdat "hy van kleins af die heilige Skrifte ken". Van kleins af weet hy dat die Woord van God alleen hom wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Jesus Christus.

Timotheus het nog net die Ou Testament gehad. Hy het van kleins af die beloftes van die Messias gehad. Die Ou Testament was genoeg om hom die regte wysheid en onderskeidingsvermoë te gee wat hy nodig gehad het vir sy behoud. Die goddelike heilswerk waarvan die Ou Testament spreek, was op Jesus Christus gerig en is in Hom vervul. Het Hy nie self gesê: "Dit is volbring",nie?

### Bevoorreg

Ons is daarteen oor baie bevoorreg. Ons het nog die Nuwe Testament ook. Ons het die hele Bybel. Ons is van kleins af daarin geleer. Ons glo dit, ons weet dit, die Heilige Gees oortuig ons van kleins af dat Jesus Christus, die Seun van God, alles waarvan die Ou Testament spreek, volledig volbring het.

Dit wat ons nie kan doen nie, omdat ons so ellendig is, naamlik om die wil van God volkome te gehoorsaam, dit het die Here Jesus op Hom geneem. Hy het van kleins af in die dinge van sy Vader gebly. Die hele Bybel is die Woord van God. God se eer, sy genade, sy liefde in Jesus Christus staan voorop. Die Heilige Gees werk deur die Woord om ons wys te maak dat daar alleen saligheid is deur die geloof in Jesus Christus. Bly jy in wat jy geleer het. Hou vas aan die Woord van God. Moet nooit daarvan afdwaal nie. Bestudeer die Woord en rig jou lewe daarvolgens in. Bly in Jesus Christus, Hy is die vleesgeworde Woord.

Ons het die Bybel en ons het ons knieë. Dit alleen kan ons bring om te glo in die God van die Woord. Daar is 'n onlosmaaklike verband tussen die Ou en die Nuwe

Testament. Die laaste moet gelees word teen die agtergrond van die Ou Testament. Hierdie verband en die waarheid daarvan moet onderskei en verdedig word teenoor die dwaalleer. Die dwaalleer wil by sy eie lig die kennis van die heil verduister en verdraai.

## In gehoor gestreel

Daar is soveel leerstelings, soveel sektes, soveel verdraaiings en dwaalleer. Almal versamel vir hulle 'n menigte leraars omdat hulle in die gehoor gestreel wil wees. Van sommige kansels af hoor 'n mens nie meer kragtige Woordverkondiging nie, maar alleen sedelessies wat die aanklaende gewete probeer stilmaak. Elkeen wil op sy eie manier salig word.

Ons moenie verward raak tussen al die duisende valse leerstellings nie, maar "bly jy in wat jy geleer het en wat jy vas glo, want jy weet van wie jy dit geleer het en jy ken van kleins af die Heilige Skrif."Hier moet die ouers weet om hulle kinders die Woord te leer sodat die saad van die evangelie op goed voorbereide grond kan val. Die grense tussen die kerk van die Here en die wêreld moet al duideliker word. Daar moet gewaak word dat allerhande wêreldse dinge in die kerk ingebring word en die Satan so probeer om die grense uit te wis. Paulus waarsku immers: "maar goddelose mense sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word".

Ons het die evangelie wat vir 'n deurmekaar wêreld en mense lewe bring. Ons kan daarin bly, ons hoef geen verskoning daarvoor aan te bied nie; ons hoef dit ook nie te verbeter nie. Christus moet al meer word en ons minder.

## Keer terug

Vir Timotheus kon Paulus nog sê om te bly in die Woord van God. Vir ons vandag beveel die Here: Keer terug na wat jy geleer is. Bekeer jou, reformeer, keer terug na die Woord van God en bly dan in wat jy geleer is. Gelowiges moet daagliks terugkeer na die Heilige Skrif wat ons van kleins af geleer is. Ons moet bly in die Woord van God wat die Heilige Gees in ons harte inprent. Dit geld vir almal wat die Here roep tot diens: elke ouderling, diaken, predikant, gelowige, professor; ja selfs vir die owerheid, wat 'n dienskneg van God moet wees. Bly daarin om te sê: So sê die Here, HERE, die Almagtige. Deur die bevel van die Here te gehoorsaam en die Skrif te ken, daarin te volhard, gereeld huisgodsdiens te hou, ontvang ons die wysheid van die saligheid wat daar in Jesus Christus is. Ons moet in die Woord bly. Daarin is ook die heerlike belofte vervat dat Jesus Christus sal kom op die wolke sodat God alles in almal sal wees.

**Ds. G.J Kruger**

★★★★★

# GEESTELIKE BEDREIGING VAN DIE CALVINISME

## Prof. S.A. Strauss

*(Toespraak gelewer by die simposium in Potchefstroom oor die toekoms van die Afrikaner in die lig van sy Calvinistiese erfenis).*

Calivinisme word verstaan as die denk- en leefwyse van daardie christene van gereformeerde belydenis, wat herkenbaar deur die insigte van die hervormer Johannes Calvyn beïnvloed is. So gesien word die Calvinisme deur dieselfde onheilsmagte bedreig as wat dwarsdeur die openbarings- en kerkgeskiedenis die getroue volk van God, die ware kerk, (NGB 29), bedreig het.

Dit gaan hier om 'n "geestelike" bedreiging tussen Migael en sy engele en die draak en sy engele (Open 12:7), en met die draak wat die vrou agtervolg (Open 12:13,15,17). "Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie", skryf die apostel Paulus,"maar teen die bose magte van hierdie sondige wêreld, teen die bose geeste in die lug"(Ef 6:3).

Hieroor is daar uiteraard veel te sê. Maar wat vir ons van belang is, is dat die afvallige geesteskragte op mense se harte beslag lê en deur mense werk. Hierdie mense bedink idees en ontwerp ideologieë wat altyd 'n verabsolutering van 'n aspek van die skepping is, een of ander "-isme". En dit is hierdie "-ismes" wat die grondslae en strewes van die Calvinisme bedreig.

Om enigsins orde op sake te stel, word uit die groot aantal "-ismes" wat vandag in omloop is, op drie gekonsentreer. In die drie word die gees van ons tyd duidelik geopenbaar. Nadenke oor hulle kan ons help om die aard van die bedreiging teen ons beter te kan verstaan.

## Humanisme

Die eerste, en waarskynlik ook vernaamste, bedreiging kom van die kant van die humanisme. Histories gesproke was humanisme altyd deel van die Westerse beskawing. Selfs voordat die evangelie van Christus aan ons Wes-Europese voorouers verkondig is, het die humanistiese Grieks-Romeinse kultuur ons reeds grondig beïnvloed. Sedertdien was die humanisme altyd met ons en het dit telkens na vore getree. Hier kan ons veral dink aan die tydvak van die Renaissance wat die Reformasie voorafgegaan het. Humanisme, in die sin van 'n herlewing van die Grieks-Romeinse denkpatroon, was toe die populêre stroming. Desiderius Erasmus van Rotterdam het byvoorbeeld probeer om die Christendom met die humanisme te versoen. Daarteenoor het Martin Luther egter ten opsigte van die mens se vrye wil, ondubbelsinnig die humanisme verwerp. Terloops, dit is bekend dat Calvyn selfs ook as jongman deur die humanisme beïnvloed is. Wat in ieder geval onthou moet word, is dat die Westerse beskawing en kultuur van die begin af nie suiwer Christelik was nie. Op sy beste was en is dit 'n vermenging van humanistiese en Christelike motiewe.

Die humanisme is per definisie 'n verabsolutering, 'n verselfstandiging en oorbeklemtoning van die

"humanum", die menslike. By name gaan dit om die outonomie van die mens, die feit dat hy homself as sy eie wetgewer beskou. Elke keer wanneer die Westerse denke doelbewus op die humanisme gaan konsentreer, kom die waansin dat die mens soewerein is, na vore.

So kan die Verligting van die 18de eeu as kenmerkend van die humanisme beskou word. Tydens die Franse rewolusie van 1789 gaan Ps 2:2-3 as't ware in vervulling:"Die konings van die aarde is in opstand, die leiers span saam teen die Here en teen sy gesalfde en sê: Kom ons maak ons vry en gooi hulle juk af." Rondom die Bastille in Parys weerklink die kreet van die gepeupel: "Geen God en geen meester!" Dit is humanisme. Selfs aan die begin van die Afrikanervolk se ontwaking van etniese selfbewussyn vind ons ongelukkig ook trekke van humanisme in byvoorbeeld die destydse Patriotte-beweging. Soos die Westerse beskawing nie suiwer Christelik is nie, is die Afrikanervolk ook nie suiwer Christelik nie.

In beginsel is humanisme die verabsolutering (om nie te sê verafgoding nie) van die mens. En aangesien die mens as sondaar in sy hart "'n fabriek van afgode" is, manifesteer humanisme in 'n hele reeks van "-ismes" op verskillende lewensterreine. 'n Mens sou kon sê dat humanisme die wortel van allerlei euwels is, ook in ons volkslewe. Dink maar aan die vrugte wat humanisme dra op die gebied van die staatkunde: liberalisme, sosialisme, konservatisme, demokratisme, ensovoorts.

Dit is duidelik: humanisme neem telkens 'n geldige aspek van die goeie skepping van God, maar verdraai en perverteer dit. Dan word die goeie volksvryheid die slegte liberalisme, die mooi onderlinge sorgsaamheid die lelike sosialisme, stoerheid word verstarring, vaskleef aan outydse verbygegane patrone, in plaas van verbind met die teokrasie, word die bevolking verafgod. Op etiese gebied kan die humanisme uitgeken word aan hedonisme, die onversadigbare sug na plesier. In die ekonomie verskyn humanisme as materialisme en kapitalisme. En in die kerk en ons geloofslewe openbaar humanisme homself in sulke uitwasse soos vrysinnige teologie en modernistiese Skrifkritiek. Oral staan die mense (na Calvinistiese oortuiging die sondige mens) in die middelpunt van die belangstelling. Tewens, ook allerlei vorme van Metodisme en hedendaagse Pentakostalisme is, Calvinisties beskou, per slot van rekening niks anders as godsdienstige humanisme nie: alewig die mens, die mens, die mens ...

Die humanisme as verskynsel in die Weterse geestesgeskiedenis vind waarskynlik sy hoogtepunt in die 20ste eeuse menseregtebeweging. Nou het die mens homself finaal as die opperheer gekroon en op die troon geplaas. Niks en niemand word ontsien waar sy regte as mens bedreig word nie. Selfs God die regverdige "regter van die hele aarde" (Gen 18:25) se heilige reg moet wyk waar die humanis sy reg proklameer.

Dit behoef geen betoog dat humanisme en Calvinisme onversoenbaar is nie. Om die waarheid te sê, die geopenbaarde evangelie van Christus, dit wil sê die bron waaruit die Calvinisme leef, staan ten ene male haaks op enige vorm van humanisme; dit is immers "nie na die mens nie" (Gal 1:11). Wie die evangelie op die patroontjie van die mens probeer knip, sodat dit die mens kan pas, is besig met "'n ander evangelie" en moet "vervloek" word. Juis vanweë hierdie fundamentele onversoenbaarheid is die humanisme deurentyd, ook in ons tyd, 'n blywende bedreiging vir die Calvinisme. Dit is een van twee: óf die soewereiniteit van God, óf die soewereiniteit van die mens.'n Derde is daar nie.

## Sekularisme

Met sekularisme word letterlik bedoel die verabsolutering van die wêreld, dit wil sê verwêreldliking in die sin dat die lewe van God en sy gebod losgemaak word. Prinsipieel beskou is sekularisme 'n onderdeel en uitvloeisel van humanisme. Maar histories gesproke is dit 'n eietydse verskynsel. Dit is nie (soos humanisme) reeds van die begin af met ons nie. Sekularisme is in ons kultuur 'n tipiese post-Christelike verskynsel.

Oor die begrippe sekularisasie en sekularisme is daar letterlik boeke vol geskryf. Ook oor die vraag of ten minste sekularisme nie miskien positief vanuit Calvinistiese gesigspunt gewaardeer kan word nie, is eweeens lang debatte gevoer. Ons gaan hier aan al die akademiese kwessies verby en gebruik sekularisme konsekwent in sy negatiewe betekenis. As sondige, humanistiese verabsolutering van die wêreld is sekularisme dieselfde as "hierdie sondige wêreld" waarteen Rom 12:2 ons waarsku dat ons nie daaraan gelyk mag word nie. As sodanig is sekularisme 'n ernstige bedreiging vir die ware Christendom, insluitende die Calvinisme.

Sekularisme het veral sedert die 18de eeuse verligting ontwikkel. Van toe af het die moderne mens sterk onder die indruk gekom dat hy sogenaamd mondig geword het. Hy kan dit nou durf waag om vir homself te dink - so leer al die sekularistiese filosowe, veral Immanuel Kant. Nie net die enorme ontwikkeling van die wetenskap sedert 1800 nie, maar veral ook die skouspelagtige vooruitgang van die tegniek sedert 1900 was water op die meul van die lewensgevoel. Vir die eerste keer in die geskiedenis het die mens rede om homself te verbeel dat hy sonder God kan klaarkom. Om 'n enkele voorbeeld te noem: vroeër het mense as hulle siek was, gebid. Vandag gebruik ons medisyne. Vroeër was die kerktoring die hoogste bouwerk in die dorp; vandag toring die graansuier of fabriek ver bo die kerktoring uit.

Op hierdie manier is die een terrein van die lewe na die ander van God losgemaak, gesekulariseer. Waar die Calvinisme altyd op grond van die Woord van God geleer het dat alles wat ons doen tot sy eer gedoen moet word (o.a. 1 Kor 10:31; Kol 3:3), word die hedendaagse samelewing gekenmerk deur die dogma van neutraliteit: neutrale wetenskap in plaas van Christelike wetenskap, 'n neutrale (of nog beter - sekulêre) staat in plaas van 'n christelike staat, ensomeer. Op die gebied van die kunste, by name die letterkunde, is alles deesdae geoorloof. Kuns moet volgens sy eie wette bedryf word, sê hulle. Sekulêre Afrikaanse letterkunde het destyds al met die sogenaamde sestigers begin, en vele volg hulle vandag na. Wat 'n mens inderdaad tot hartseer moet stem, is dat die Westerse sekularisme selfs in Afrika so slaafs nagevolg word. Geheel teenstrydig met 'n tradisionele Afrikabeskouing het die huidige regering in ons land volledig agter die Westerse sekularisme ingeval.

Opmerklike voorbeelde hiervan is die afskaffing van die doodstraf en die instelling van aborsie. Dit bewys die geweldige suigkrag van hierdie geestelike bedreiging. Tragies dat sulke standpunte nou die enigste erfenis van die Weste is wat Afrika graag sy eie wil maak.

Voorbeelde van die invloed van sekularisme in die volkslewe van die Afrikaner is so voor die hand liggend dat hulle nie opgenoem hoef te word nie. Ontwikkelinge waarvan ons daaglikse getuies is, bevestig klaarblyklik wat W.D. Jonker 'n dekade gelede geskryf het (in die bundel Op die Breuklyn) dat die Afikaner deur die jare betreklik geïsoleerd van die res van die wêreld geleef het. Maar die Aufklärung, die Verligting, het ons nou getref!

Sekularisme moet aan nog 'n ander "-isme" gekoppel word, die piëtisme. Daar is 'n eienaardige verbinding tussen die twee. Enersyds was piëtisme Christengelowiges se reaksie op sekularisme, en andersyds gee die piëtisme al meer aanleiding tot verdere sekularisme. Toe die Verligting oor Wes-Europa spoel, het teoloë en kerkmense hulle in die heilige huisie van die piëtisme teruggetrek. Die oorspronklike Calvinistiese strewe van "heel die kerk en heel die volk" (Hoedemaker) vir die koninkryk van God is prysgegee. Gelowiges was tevrede met 'n wedergebore klein kerkie binne die gemengde groot kerk. Die lewenswye boodskap van die Skrif is vereng tot die persoonlike verhouding met God. En die gevolg daarvan? Nog meer sekularisme, nog meer lewensterreine wat aan verwêreldliking prysgegee word. Die rede vir hierdie bose kringloop is die verderflike twee-terreine leer wat aanhoudend dit wat God saamgevoeg het (skepping en herskepping, natuur en genade, geloof en lewenswandel) uitmekaar skeur. Die dwaling word duidelik in Roomse sowel as Protestantse kringe - en helaas ook by die Calvinisme - aangetref.

In samewerking met piëtisme is sekularisme 'n des te ernstiger bedreiging van egte Calvinisme. Die stelling is aan die einde van ons pentakostalistiese 20ste eeu nog meer waar. In die charismatiese beweging het ons 'n neo-piëtisme.

## Postmodernisme

In die jongste verlede het 'n nuwe "-isme" sy kop uitgesteek: postmodernisme. Hoewel dit tegnies gesproke baie moeilik is om 'n definitiewe omskrywing van hierdie komplekse verskynsel te gee, kom die buitelyne daarvan tog al meer uit die verf. En die buitelyne lewer genoegsaam getuienis dat ons hier inderwaarheid met 'n (geestelik) nuwe bedreiging te kampe het. Gedeeltelik, want postmodernisme mòet nie as antimodernisme verstaan word nie.

Aan die een kant is daar wesenlike verskille tussen die ou modernisme en die nuwe postmodernisme, maar aan die ander kant is laasgenoemde net 'n volgende fase in die ontwikkeling van eersgenoemde. Per slot van rekening is postmodernisme net nog 'n variëteit van humanisme.

Waarom gaan dit eintlik in die postmodernisme ? Aanhangers van hierdie denkpatroon is die mening toegedaan dat die klassieke modernisme op 'n mislukking uitgeloop het. Om maar iets te noem: gedurende die hoogbloei van die modernisme is daar grensloos op die vermoë van die menslike rede vertrou. Slegs dit wat empiries geverifieer kan word of waartoe rasioneel gekonkludeer kan word, is as waarheid beskou. En aan die waarheid is dan universele geldigheid toegedig; dit is waar, oral en altyd en vir almal. 'n Mens kan die modernistiese waarheidsbeskouing ook positiwistiese kenleer noem. Nee, sê die postmodernisme nou, daar is nie so iets soos voorveronderstellinglose kennis nie; elkeen bestudeer 'n saak vanuit sy eie persepsie. Dieselfde feite sal dus telkens, afhangende van die konteks, in 'n ander perspektief geplaas kan word. Dus, waarheid is nie universeel nie, maar kontekstueel; dit is nie absoluut nie, maar relatief. Wat vir jou in jou omstandighede waar is, is nie noodwendig vir my in my omstandighede ook waar nie.

Dit is sonder meer duidelik dat hier 'n nuwe geestelike bedreiging vir die Calvinisme ten tonele gevoer word. Die verleidende relatiwistiese tendens in die postmodernisme bevorder onsekerheid. So word dit 'n uitstaande kenmerk van ons huidige tydsgees om alles te relativeer en te betwyfel, selfs ook vasstaande geloofswaarhede en beproefde sedelike norme. Beginselvaste Calviniste kan nou maklik in een kraal met "verkrampte" moderniste gejaag - en geslag - word. Ook hierdie bedreiging ondergrawe verder die bietjie respek wat die Calvinisme miskien nog by sommige afgedwing het. Ook hierteen sal hedendaagse Calviniste hulle dus deeglik moet verweer.

Op lewensbeskoulike vlak is daar ongetwyfeld 'n verband tussen teoretiese postmodernisme en die populêre New Age-beweging. Sonder vrees vir teëspraak kan gekonstateer word dat die beweging, net soos postmodernisme, 'n hele aantal van die kenmerkende karaktertrekke van die huidige vertoon. Dink maar aan holisme, globalisme, panteïsme, sinkretisme en dergelike.

Wat vir ons doel veral aktueel is, en wat saamhang met relativisme, is sy sogenaamde inter-geloof benadering wat wêreldwyd en ongelukkig ook hier te lande groot aansien geniet. Selfs wêreldbekende teoloë (bv. Hans Küng) propageer vandag die nouste samewerking tussen die Christendom en ander wêreldgodsdienste. So word die uniekheid van Christus die enigste Verlosser (vgl. Joh 14:6, Hand 4:12) klakkeloos ingeruil vir 'n postmodernistiese vorm van sinkretisme. En in Suid-Afrika kry selfs die tradisionele Afrikagodsdiens daarin ook sy ereplek.

## Ondersoek die Tydsgees

Die apostel Johannes (1 Joh 4:1-3) herinner ons daaraan dat daar reeds in sy tyd baie "vals profete" was, mense wat "die gees van die antichris" adem. En, waarsku hy daarby: "ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is".

'n Deeglike ondersoek na die huidige tydsgees is noodsaaklik. Van alle kante word die waarheid wat Calviniste volgens die Skrif bely, bedreig en aangeveg.

Niemand van ons weet presies hoe ons die aanslag afgeweer sal kry nie. Hulle vermoëns is groot en ons s'n klein. Dit word nog moeiliker as die vraag gestel word of

ons hulle slegs defensief moet benader, en of ons nie ook offensief moet optree nie. Moet ons Calviniste altyd net negatief afwys, of behoort ons ook positief die tye en geleenthede wat God beskik, aan te gryp en in te haak by die waarheidselemente wat in elke dwaling skuilgaan? Sonder om enigsins kompromieë te sluit, lyk dit tog noodsaaklik dat ons die skuilkelder sal moet uit en die uniform sal moet aantrek (K. Schilder). Die stryd word nie hier binne in die Calvinistiese basis beslis nie, maar in die loopgrawe daarbuite in die samelewing. Genadiglik het ons Here ons in sy evangelie belowe: In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin (Joh 16:33).

★ ★ ★ ★ ★

# 21 WOORDE TE VEEL?

## Prof. M. Kuiper, Nederland.

*Die Status Confessionis by Kuyper en Bavinck met betrekking tot artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. 'n Vertaling van 'n artikel uit: Op twee Gedachten. Status Confessionis en het spreken van de kerk getoetst aan het spreken van God. 1991, Utrecht: De Bannier, p 88 ev.*

## Kompromis-sinode

Die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke van Nederland in 1905 in Utrecht, was in meer as een opsig 'n kompromis-sinode. Die het in die praktyk geblyk dat die broeders en susters van die Afskeiding en die van dié Doleansie nie so maklik in een kerkverband saamleef nie. Daarvoor kan verskillende oorsake aangewys word. Afgesien van die verskillende "geestelike" liggings van beide groepe, was een van die belangrikste oorsake die verskil in teologiese vorming van die groepe. Die manne van die afskeiding was grotendeels gevorm in Kampen (daar was natuurlik enkeles wat elders vorming ondergaan het). Hierdie vorming was nie primêr gerig op 'n hoogswetenskaplike ingesteldheid nie, maar op die praktyk van die amp. Dié onderskeid maak dit uiteraard nie swakker as ander nie. Aan die Vrije Universiteit, waar Kuyper die septer swaai, het dit ten eerste oor wetenskaplikheid gegaan, en daarna die praktyk. Die verskillende benaderings kom duidelik te voorskyn in die visie op die kerk en die reg van die kerk. In teenstelling met die presbiteriale kerkregeringstelsel in die kerke van die afskeiding, sluit die sogenaamde Doleansiekerkreg aan by Kuyper se gedagte van soewereiniteit in eie kring.

## Die instemmingskwessie

Toe die kerke uit die Afskeiding en die Doleansie in 1892 besluit het om te verenig in die Gereformeerde Kerke van Nederland, is eenparig ooreengestem met die Drie Formuliere van Eenheid. Met die eerste oogopslag sou mens kon sing: hoe lieflik dat broeders saam woom in onverstoor'bre vrede. Maar was dit regtig die geval?

Op die eerste algemene sinode hierna (Middelburg 1896) word daar 'n gravamen ingedien oor 21 woorde uit art 36 van die NGB. Dit gaan daar nie om die taak van die owerheid, as sodanig. Dit word immers gehandhaaf dat volgens die Woord die taak van die owerheid is: "niet alleen acht te nemen over de Policie, maar ooc de hant te houden aan den Heiligen Kerken-dienst". Die beswaar gaan oor die volgende woorde: "om alle afgodery en valse godsdiens uit te roei, om die ryk van die Anti-chris ten gronde te rig".

## Politieke strewe

Het die rede vir die beswaar dalk gelê in die politieke strewe van Kuyper? Die gedagte dat dit op dieselfde wortel bou as die Roomse geloof, sou 'n doodsteek kry deur die handhawing van die gewraakte sinsnede. Hoe sou Kuyper hom teenoor Schaepman kon handhaaf, as dit, kragtens die geskiedenis, in die sinsnede nog steeds oor Rome gaan? Dit is nie vergesog nie, veral as besef word dat die aanvang van die Wysbegeerte van die Wetsidee (en dus dié van soewereiniteit in onderskeie lewenskringe) reeds ontwikkel is in Kuyper se openingsrede by die Vrije Universiteit. Daardeur sou in die politiek (in politicis) moontlik wees wat kerklik ondenkbaar was. Maar dan sou mens tog moes verwag dat die ondertekenaars van die gravamen almal, of minstens die meeste, uit die Doleansie sou kom. Maar dit is nie die geval nie. Van die agt ondertekenaars is net twee uit die Doleansie, die Kuyper-rigting. Dit is, naas Kuyper self, sy medehoogleraar, F.L. Rutgers. Die ander ses is almal uit die afskeiding afkomstig (Noordzij, Wielenga, Lindeboom, Biesterveld, Bavinck, Donner). Uit die manne se ouderdom kan ons aflei dat hier nie van "baardlose knape" gepraat kan word nie, soos wat in die twintigerjare van die teoloë (soos Schilder) gesê is. Die enigste waarin hulle ooreenstem, is dat hulle mense uit die 19de eeu is. Dit is 'n belangrike feit.

Die feit dat die meerderheid van die ondertekenaars uit die kring van die Afskeiding stam, laat die vraag ontstaan of ons werklik hier te make het met 'n standpunt wat tiperend is van Kuyper se kerklike en maatskaplike strewe. Die acta van die sinode van die kerke uit die afskeiding bewys dat dit nie die geval is nie. Op die sinode van Leiden (1857) was die vraag na die uitleg van Art. 36 reeds aan die orde in die Christelik Gereformeerde kerke. Alhoewel die sinode besluit om die tradisionele verklaring te handhaaf, word op die sinode van 1879 in Dordrecht gevra: "Is die sinode nie met homself in stryd, as daar onvoorwaardelik ondertekening geëis word, terwyl daar uit verskillende uitsprake blyk dat daar wysiging bestaan in die gedagte oor Art 36" (soos deur die afgevaardigers van Zeeland aangedui, maar teruggetrek is omdat die saak nie dringend beskou is nie, en tyd ontbreek het vir bespreking). Die feit dat die saak nie dringend is nie, beteken nie dat die saak nie in die hart van die broeders leef nie.

## Nie ingestem

Hoe lui die beswaar van die agt presies? Deur op te staan en sitplek in te neem is ingestem met die Drie Formuliere van Eenheid. Daarom kan nie stilgebly word nie sonder dat daarby gemeld is van die gravamen teen die derde sinsnede van art 36 NGB. Eerliksheidshalwe maak hulle beswaar daarteen dat bely word dat aan die

wêreldse owerheid die taak opgelê word om met die swaard afgodery uit te roei, en dat die taak aan die kerk opgelê word om dit aan die owerheid te verkondig. Hulle beskou dit in stryd met die Skrif en roep die kerke in om uitspraak daaroor te gee.

In die gravamen vind mens verskillende elemente waarmee hartlik ingestem kan word, soos die eerlikheid om beswaar aan te teken, en die hsitoriese uitleg van die artikel. Hierdie opregtigheid is prysenswaardig waar dit destyds mode was om formeel met die belydenis in te stem, maar dan jou eie insigte te volg, sonder toetsing deur die kerke en in stryd met die ondertekeningsformulier.

Hierdie eenstemmige opinie oor die gravamen is grotendeels te verklaar vanuit die "algemene genade"-leer van Kuyper. Dit is 'n vraag in hoeverre Kuyper se siening oor die "algemene genade"-leer verstaan is. Dit is ongetwyfeld dat Kuyper se "algemene genade"-idee lewend was voordat hy formeel daaroor geskryf het. Tog is dit 'n onreg aan Kuyper om die aanleiding van die gravamen op sy rekening te skryf. Ons moet Kuyper se breë arbeidsveld in rekening hou. Al die jare as dominee in Beesd het hy kontak gemaak met Groen van Prinsterer.

Dit word uitgebou in sy Utrechtse en Amsterdamse tyd en verdiep, sodat hy reeds in Groen se leeftyd, en beslis na dié se dood in 1876, as die onbetwisbare leier van die anti-rewolusionêre party te voorskyn tree. Kuyper het baie joernalistieke werk verrig oor kerk en politiek en dit gepubliseer en De Heraut en De Standaard. Sy arbeid het reeds so 'n politieke kleur gekry dat hy in 1874 moes emeriteer om parlementslid vir die Gouda-distrik te word. In sy skryfwerk rig hy hom grotendeels op die maatskaplike en politieke terrein, met besondere aandag aan die wysiging van die Hoër Onderwyswet. Alhoewel hy Groen van Prinsterer nie in alles volg nie, kan hy tog 'n waardige opvolger van hierdie groot staatsman genoem word. Na 'n kort tyd in die parlement gaan hy oorsee, en met sy terugkeer sit hy die stryd voort vir die handhawing van die gereformeerde erfenis op alle lewensterreine.

## Openingsrede

Hierdie stryd het by hom 'n teologies-filosofiese agtergrond, waarin hy Groen van Prinsterer se gedagte van soewereinitiet in eie kring nader uitwerk. Dit vind sy klimaks in sy openingsrede van die Vryje Universiteit. Ons kan dus die oorsaak van die gravamen by sy rede in 1896 gaan soek.

Nadat hy oor die soewereiniteit van die Messias gepraat het, sê hy: "In volstrekte soewereiniteit van die ontsondigende Messias lê tegelykertyd die regstreekse ontkenning en betwisting van alle absolute soewereiniteit op aarde in 'n sondige mens, en dit wel deur die deling van die lewe in eie kringe, elkeen met eie soewereiniteit." Kuyper beklemtoon dat die kringe onderskei en nie geskei kan word nie; soos tande van ratte pas hulle in mekaar. So kom ook die kring van die staat ter sprake: "En vandaar dus die bestaansreg vir die optrede van die staatsgesag van nog 'n afsonderlike gesagskring ... En selfs vir die regsbepaling van die onderlinge verhouding van die kringe mag die staatsoewereiniteit nie eie wil of keuse as rigsnoer hê nie, maar is gebind aan die keuse van die Hoër Wil .. Die staat is die belangrikste kring (kring der kringen)."

Die aanleiding van die gravamen is in hierdie aanhaling te vind. Veral die opmerking van Kuyper dat die staatsoewereiniteit reg het om bevele te gee en dwangoefening het bo die ander lewenskringe, maar binne in elke kring geld die gesag nie, en ook die siening dat elke kring regstreeks gesag van God kry, en die gesag nie deur die staat verleen word nie, maar wel erken moet word, maak dit duidelik dat die owerheid nie die swaard mag gebruik om afgodery en valse godsdiens te weer en uit te roei om die Anti-chris te gronde te rig nie. Immers, daarmee sou die staat die soewereiniteit van die kerk-kring skend. Volgens Kuyper moet die staat dit sonder meer erken as van Godsweë. Kuyper sê ook dat die staat nou eenmaal die oppermagtige op aarde is. Daar is geen aardse mag bo dié van die staat nie.

Hierdie tema kom alreeds voor in Kuyper se intreepreek (1870). Daarin pleit Kuyper vir 'n vrye kerk, vry van die staat se gesag. Kuyper se kerkbeskouing (as organisme en instituut) het alles te make met sy siening van soewereiniteit in eie kring. Juis sy visie van die onderskeie kringe in hulle soewereiniteit, waarby die staat as 'n soort koördineerder optree, het die weg gebaan vir 'n bespreking van kulturele, sosiale en maatskaplike verhoudings en die plek van die kerk van Jesus Christus.

Direkte aanleiding tot die gravamen van 1896 hoef dus nie gesoek te word in sy algemene-genade leer nie, maar eerder in sy openingsrede en intreepreek. Hierin betoon Kuyper hom as tipies 19de eeus. Dit is ook waar van Bavinck.

## Bavinck

Herman Bavinck het as iemand uit die Afskeiding in Leiden gestudeer. Afgesien daarvan dat dit in die Afskeidingskring heelwat ontevredenheid veroorsaak het, beteken dit dat Bavinck 'n uitgesproke 19de eeuse vorming gehad het, waar dit meer gaan oor die wetenskap as oor die praktyk van die amp. Dat dit vir die kerk 'n groot voordeel was, sou eers later blyk. Sy Gereformeerde Dogmatiek is nog steeds in aanvraag. Hy was beslis geen studeerkamer-teoloog nie, maar wou op wetenskaplike wyse die hele terrein van die Christelike lewe dien met God se Woord. Hier is ook sy raakvlak met Kuyper. Hy kon hom goed vereenselwig met Kuyper se stelling: "geen duimbreed van die hele menslike lewe, waarvan Christus, die enigste Soewerein, nie sê: dit is myne".

Bavinck is ook 'n mede-ondertekenaar, saam met Kuyper, van die gravamen. Bavinck praat deurentyd nie bloot van "owerheid" nie, maar van "die owerheid in 'n Christelike land".

Bavinck het in sy Advies aan die sinode verskillende standpunte wetenskaplik afgeweeg. Die kommissie erken dat die konfessie 'n historiese handeling is en daarom moet dit ook teen die historiese agtergrond uitgelê word. Opmerklik is dat slegs op die woordelikse gelet word,

terwyl daar byvoorbeeld glad nie aan die Franse teks aandag gegee word nie. Selfs in sy Dogmatiek word baie aan die dogmageskiedenis aandag gegee, maar nie aan die simboliek nie. In sy Advies kom dit duidelik na vore dat dit hier gaan om die prediking van die Woord. In dié verband kom die owerheid ter sprake. Hy sê: "Hy mag die kerk nie met die tasbare swaard beskerm teen die ketters nie, want Christus het aan sy kerk die geestelike swaard gegee om dit te doen. Hy mag die afgodery en valse godsdiens nie uitroei en die ryk van die Anti-chris te gronde rig nie, want Christus wil dat die bose en die goeie saam sou opgroei, totdat Hy self op die oesdag die skeiding sal maak". Die owerheid moet dit dus aan die krag van die Woord oorlaat om die ryk van die Anti-chris te gronde te rig.

Dit lyk in stryd met wat Bavinck in sy Dogmatiek sê en na 1905 onveranderd gelaat het. Dit is ook nie te verklaar nie, omdat hier twee sake aan die orde kom; dit is by beide Bavinck en Kuyper sigbaar.

## Mense van die 19de eeu

Die ondertekenaars van die gravamen was almal kinders van die 19de eeu. Daarin is twee groot verskille met mense van vandag.

Ten eerste speel by beide Kuyper en Bavinck die aanwysing van die Anti-chris 'n belangrike rol. Omdat (ten regte) gekies word vir 'n historiese uitleg van die belydenis, word die Anti-chris gesien as die pousdom, die pouslike kerk van Rome. Oppervlakkig gesien sou mens kon sê dat dit 'n juiste historiese uitleg is. Immers is die ryk van die Anti-chris die valse kerk. Maar dit klop nie met Kuyper se intreepreek nie, en staan ook haaks met die futuristiese opvatting oor die Anti-chris. In die denke van daardie dae, waarin die ondertekenaars van die gravamen staan, het die redenasietrant van die belydenis nie meer gepas nie. Dit staan in verband met die verbrokkeling van die kerk van die reformasie, waarby van beide die Afskeiding en die Doleansie kant, steeds minder sprake was van die Nederlandse Hervormde kerk as valse kerk.

Tweedens moet ons op 'n opmerking van Bakhuizen van den Brink wys. Hy merk oor die belydenis van die sestiende eeu op dat wie hom tot 'n vors of koning gerig het, het homself op die politieke terrein begeef. Die hervorming van die sestiende eeu was dus onvermydelik 'n politieke saak van die eerste water. Dit het betrekking gehad op die staatkundige en kerklike verhoudings, kortom dit het die hele erfenis van die middeleeuse samelewing saamgebring. Ons kan die aard van die konflikte, die heftigheid van die stryd voor en teen slegs begryp op voorwaarde dat ons ons eie post-rewolusionêre denkbeelde buite rekening laat.(vgl. sy Protestantse Pleidooien uit de sestiende eeuw I, 1962, p.8).

Dit was Kuyper asook Bavinck se probleem. Hulle het groot geword in 'n post-rewolusionêre bestel, waar meer sekerhede betwyfel is. Weliswaar het Kuyper Bilderdijk, da Costa, Groen van Prinsterer gelees, en ook by hulle sy anti-rewolusionêre idees ontleen. Tog kan ons ons moeilik ontworstel van die gedagte dat die radikaal gewysigde oordeel oor "die Staat" 'n rol gespeel het in die beoordeling van Art 36. Dit is belangrik om in hierdie verband daarop te wys dat Bavinck baie duidelik die taak van 'n Christelike owerheid uitwys.

## Verwar

Die vraag kom nou na vore of die ondertekenaars nie die begrippe "owerheid" en "staat" verwar nie. "Owerheid" is duidelik 'n belydenisterm, "staat" daarenteen is 'n moderne begrip uit 'n post-rewolusionêre denke. Dat die twee elemente 'n rol speel, is duidelik uit wat Kuyper sê dat as die staat meer as een sigbare kerk vind, hoe moet die owerheid uitmaak watter een van die vele kerke is die ware een? Om die kerk te beskerm, moet geweet word, moet uitgemaak word hoe die ware kerk lyk.

Hier word enersyds die pluriformiteit (veelheid, w.e.d) van die kerk gehandhaaf en andersyds word dit vir die owerheid onmoontlik gemaak om 'n oordeel te vel oor wat die ware kerk is. Die ondertekenaars van die gravamen was dus mense wat strek onder die invloed van die 19de eeuse denke staan.

## Wat staan daar?

Die vraag is of hulle gelees het wat daar werklik staan. Dit is die verdienste van C. van der Waal wat gewys het wat in die oorspronklike Franse teks staan. Dit sou immers 'n teenstrydigheid wees met Art 28 waar bely word die plig om jou by die ware kerk te voeg "al sou ook die owerhede en veronderinge van soewereime vorste daarteen wees en al moet hulle dood of enige lyfstraf ondergaan" terwyl artikel 36 sou meen om te beweer dat die owerheid juis sulke verordeninge sou uitreik en straf uitdeel. Daar klop mos duidelik iets nie met mekaar nie.

Uit die boek van Adriaen van Haemstede, sy Martelaarsboek, is dit duidelik dat die owerheid se taak nie net gesien is om teen die Wederdopers gerig te wees nie. Dit blyk duidelik dat die magistrate en verordeninge wel deeglik op daardie stadium "daarteen was".

Noukeurige kennisname van hierdie Verordeninge sal ons laat verstaan dat Guido de Bres, onder hierdie Verordening, deur opname van die sinsnede onder bespreking in die belydenis aangaande die amp van die owerheid,'n vonnis sou vel oor die reformasie. Hier moet dus sprake wees van 'n verkeerde lesing.

Van der Waal wys daarop dat 'n misverstand voorkom oor die woordjie "om". In die Franse teks moet die woord "pour" vertaal word met "om te bewerkstellig". Die wering en uitroeiing van die afgodery en die Anti-chris wat ten gronde gerig word, behoort dus nie tot die amp van die owerheid, maar word bewerkstellig deur die heilige kerkdiens. Dit gaan dus nie alleen oor die erediens nie, maar oor die werk van die kerk in breër verband, in prediking, pastoraat, kategese en onderwys. Dit gaan oor die evangelie verkondiging in sy breë verband.

## Gevolgtrekking

Die skraping van die sinsnede uit art 36 was onnodig en onjuis. Omdat dit verkeerd gelees is, is in die praktyk die krag van die Woord misken. Daar was duidelik die verwagting dat die prediking aan die invloed van die pous in Rome 'n halt sou roep. Luther het gesê dat die Anti-chris nie gedood word deur die swaard van menslike geweld nie, maar deur die mond van jong suigelinge en kinders. Die Woord maak die Anti-chris hoe langer hoe meer moeg en die koms van Jesus Christus sit die kroon daarop. Die reformasie het die Anti-chris ontdek en dit was die begin van die afname in aanbidding van hom. Daar kan ook verwys word na Calvyn se kommentaar op Jes 11:4.

Die gevolg was dat die prediking verskraal is as bediening van die sleutel van die hemelryk. Ons is geroep (soos Tucker sê) om niks of niemand anders te bely as dié wat die apostels, die kerkvaders en die reformatore bely het nie. Een ding het belydenisse van alle tye ingeneem, en dit is die rigting van die belydenis. Die mense wat God bely, rig hulle op die toekoms van God. In die toekoms sal God alles in almal wees. Dan sal al die valse godsdienste en afgodery verdryf word en die ryk van die Antichris finaal ten gronde gerig word.

★★★★★

## DIE WARE EN DIE VALSE KERK IN EEN?

### Ds. E. Viljoen

*(Uit Kompas, Sept 1996; Artikel na aanleiding van die boek: 2 in 1, Deel 1: Die ware en die Valse Kerk binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk, deur ds. P.J. Kriel van die N.G. Kerk Levubu.)*

Polemiek wat binne die kerk bedryf word, behoort as minimum die doel na te streef om die lidmate van daardie kerk tot groter of nuwe gehoorsaamheid te bring aan die Woord van die Here. Sonder hierdie doel word kritiek 'n middel om eie opinies op 'n verhoog te plaas of groepvorming aan te blaas.

Nie al te gereeld word binne die N.G. Kerk in die teologiese debatvoering die terme "ware en valse kerk" gebruik nie. Onlangs (Junie 1995) het ds. P.J. Kriel van Levubu die eerste van sy beloofde vierdelige populêre teologie laat verskyn met die titel "2 in 1, Deel 1: Die Ware en die Valse Kerk binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk." Sonder om te skroom maak ds. Kriel dit reeds in die eerste hoofstuk van sy boek duidelik dat hy 'n krisis binne die N.G. Kerk sien, naamlik dat daar twee kerke binne een kerk is. Uiteindelik bring dit hom in hoofstuk 10 van sy boek tot die gevolgtrekking dat daardie twee "kerke" onderskei moet word in 'n ware en 'n valse kerk in een kerk.

Ds. Kriel huiwer nie een oomblik om kritiek uit te spreek nie en dit kan op sigself waardeer word. Tog bly dit onduidelik wat die uiteindelike doel van sy kritiek is. Wil ds. Kriel die kerkverband waarin hy hom bevind, hiermee oproep tot bekering? Indien dit sy doel is, sal hy dan baie duideliker moet aantoon wat die norm is waarvan hulle afgedwaal het. Hy beskrywe die herlewings van 1860 in die N.G. Kerk as die poging om die waarheid van die ware kerk te vermeng met die dwaalleer van die valse kerk. Dr. Andrew Murray jr. is volgens ds. Kriel die grootste sondaar en vader van daardie dwaalleer.

In hierdie kort artikel word geen poging aangewend om 'n resensie of totale waardering van die genoemde boek te gee nie. Deur op bepaalde leemtes te fokus, en dit is ernstige leemtes, moet ons eie aandag gevestig word op die doel van gesonde kritiek op ons eie kerklike lewe. Ds. Kriel het in baie opsigte 'n stuk werk gedoen wat waardeer kan word, maar spreek nie die konkrete gehoorsaamheid aan van gelowiges binne die kerk wat hy as "vals" beskryf nie. Die ernstige oordeel van ds. Kriel (en ons hoef nie met ds. Kriel in sy oordeel te verskil nie) vra tog sekerlik dan om die aanwys van 'n weg tot herstel van reformasie. Hy begeer tog om deel te wees van 'n gereformeerde kerk.

Sy maatstok waarmee hy waar en vals bepaal, is die leerstuk van regverdiging deur geloof alleen. Dit word dan op so 'n manier gebruik dat hy nooit ernstig die vraag vra na die aard en wese van 'n gereformeerde kerk nie. Veral word daar geen erns gemaak met die belydenis oor die kerk in die Drie Formuliere van Eenheid wat hom en sy broers en susters in een kerkverband saambind nie. Losse kritiek sonder om op te roep tot konkrete gehoorsaamheid aan die Woord van die Here en ons belydenis, kan op die beste slegs verder verlammend op die kerklike lewe inwerk.

Wat verwag ds. Kriel van sy broers en susters in sy kerkverband indien hulle sy kritiek teen die N.G. Kerk deel? Is hy bereid om hulle (en homself) op te roep tot die gehoorsaamheid wat die Woord van die Here en ons belydenis vra, naamlik om ons dan af te skei van die kerk wat hy as vals beskryf? Dit is baie dapper van ds. Kriel om die N.G. Kerk, of ten minste 'n deel daarvan as vals te beskryf. Die Woord van die Here vra ons egter nooit wat ons dink van die kerk nie, maar roep ons tot 'n geloofsoordeel. En hierdie geloofsoordeel vra van ons geloofsgehoorsaamheid as ons nie wetteloos wil word nie. Ds. Kriel beskryf juis die valse kerk in sy eie woorde as wetteloosheid.

Van die ware kerk van Christus mag ons ons nie ligtelik afsydig hou nie. Selfs al sou dit lewensgevaarlik wees om die eenheid van die kerk van Christus te soek, bly dit steeds ons roeping. As ons egter 'n geloofsoordeel gemaak het dat 'n kerk vals is, het ons 'n ernstige roeping om ons van daardie "kerk" afsydig te hou; nog sterker, ons moet die eenheid daarmee uiteindelik verbreek. Maar laat ons baie versigtig wees met ons kritiek teen die gemeente as die bruid van Christus, al is daar dikwels baie swakhede. Ons soek tog nie ons eie voordeel nie, maar die vooruitgang van ons medegelowiges. Laat ons dan ook mekaar help deur die pad van gehoorsaamheid aan te wys.

★★★★★

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..............................

Adres:..............................

..............................

..............................

Poskode:..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..............................

Datum:.............................. Handtekening:..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a Ds. A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS